# waarheid & dwaling

RUGSTEUN VIR DIE AMP VAN GELOWIGE — JAARGANG 6, NO 5, MEI 2000

*1 Joh 4:6*
"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

INHOUD


1 **Redaksioneel**
*'n Lamp vir my voet*
2 **Skrifoordenking**
*Wyn (2)*
Ds SJMS Smit
3 **Fokus**
*'n Kosjer lysie vir die verbode kansels*
Ds ALA Buys
5 **Op die Kerkerf**
*Die Hoof bo alle dinge*
Dr JG Meijer
7 **Uit die verlede**
*Aardskuddings en lugverskynsels*
Prof JD du Toit (Totius)
9 **Mediese etiek**
*Job se siekte*
Dr JM Boon
10 **Persskou**
• *As heiden, Jood en Mohammedaan hande vat...*
• *Moslems en Heidene gaan mekaar opdreun*
• *Geen behoefte?*
Ds GJ Meijer


**REDAKSIONEEL**

# 'n Lamp vir my voet

'U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad.' Die Heilige Gees wat die digter van Psalm 119:105 geïnspireer het, dra dié loflied aan elke gelowige oor. Mense sing dit in alle lande, in alle tye, in al hulle verskeie omstandighede, want hulle glo dit met die hart en bely dit met die mond.

Die inhoud van dié belydenis is veelomvattend. Drie aspekte kry in hierdie redaksioneel aandag. Ons bely eerstens: Die Woord is 'n lamp. Die Woord versprei *lig*. Daarsonder is die lewe in newels gehul, erger nog: een en al duisternis. Die voete beweeg van die Here af weg, na die kwaad toe. Die paaie buite die Woord is koersloos, laat in sinlose, sondige sirkels rondgaan. Dit loop op die ewige dood uit. Die profetiese woord is soos 'n lamp wat in 'n donker plek skyn (2 Pet 1:19). Daarsonder bly mense in die duister. As hulle nog in 'n god glo, is hy vir hulle 'n verre, 'n vreemde 'afgod'. Hulle soek hom sonder om hom te vind en sy wil te verstaan. In 'n tyd wat deur onsekerheid (duisternis) gekenmerk word, bly elke gelowige bely: U woord - waarin U Uself en u wil bekend maak - is vir my die lig. Alleen u evangelie is die lamp vir my voet en die lig vir my pad.

Ons bely in hierdie persoonlike loflied ook die *eenheid van die gelowiges*. Almal wat die Woord as lamp vir die voet en lig vir die pad aanvaar, lewe - in alle verskeidenheid - in dieselfde lig. Hulle voete loop op paaie wat God welgevallig is. Hulle het almal berou oor sondes wat teen hulle wil in hulle oorbly. Almal lewe van genade. Almal wil die Here ooreenkomstig die Woord dien. Almal wandel in die lig van die evangelie. In 'n tyd van individualisme, waarin elke armsalige 'soeker' van hierbo doen wat goed is in sy eie oë en gevolglik alle paaie van mense uiteenloop, bind die Heilige Gees die volk van God onder die lamp en lig van die Woord saam. Hulle wandel op die pad van die Woord is 'n geskenk van Bo en 'n lewende getuienis van die Gees wat hulle saamvoeg en sy gemeenskap van heiliges in stand hou.

Ons bely in Psalm 119:105 derdens die *eenheid van die lewe*. Die Woord is 'n lamp vir die voet, vir die voet wat op Sondag kerk toe gaan en van Maandag tot Saterdag in allerlei weeklikse aktiwiteite rondstap. Die belydenis van die Sondag word nie op Maandag tersyde gestel of versmal nie. Die lamp wat Sondag in die bediening van die Woord skyn, bly die lig vir die voet dwarsdeur die lewe. Die lewe van die gelowige is een.

Die lamp van die Woord skyn. Die Woord is normatief vir ons hele lewe. Die Woord leer ons met watter doel die Here die aarde geskep het. Die Woord leer ons om alle verhoudinge in die lewe volgens God se doel daarmee te verstaan en te eerbiedig: die verhouding van God tot die mens (die verbond, sonde en genade), van die mens tot die laer skepsels (soos die diere) en omgekeerd, die verhouding van ampsdraers en lidmate in die kerk, van man en vrou binne en buite die huwelik, van ouers en kinders, van owerhede en onderdane, van werkgewers en werknemers. Die Bybel versprei die lig van God oor die betekenis van die arbeid, ontspanning, kortom oor al ons doen en late.

Twee vrae kom na vore: Hoe moet die normatiewe Skrif aktueel verkondig word? En hoe om die norme van die Skrif, wat gepredik word, konkreet in 'n komplekse samelewing te hanteer? Wat is christelike wetenskapbeoefening? Hoe moet ek as christen in my beroep optree? Wat behels christelike opvoeding? Wat is die roeping van christelike onderwys? Wat van christelike politiek? Hoe mag ons ontspan en geniet? Die vrae kan vermenigvuldig word. Grondliggend aan al hierdie en ander vrae kom die verhouding van die kerk en die koninkryk van God ter sprake. Ons gaan daaroor saam nadink in 'n byeenkoms DV op 3 Junie. Sien die advertensie daaroor in hierdie blad. Die lamp vir ons voete skyn helder. Die samekoms op 3 Junie is daarop gerig om saam die lig al hoe meer op te vang tot verdieping en verryking van ons diens aan die Here en tot eer van sy Naam.

---

# Redaksionele nota

Ons betuig ons innige meelewing met die familie van mev. Hanneke Das, die administratiewe beampte van *Waarheid en Dwaling*. Mev. Das se moeder is onlangs na 'n lang siekbed in Nederland oorlede.

As gevolg hiervan kon sekere administratiewe take rondom die verspreiding van *Waarheid en Dwaling* nie op tyd klaarkom nie. Die redaksie vra in die lig van die uitsonderlike omstandighede u begrip vir die laat ontvangs van die April-uitgawe. Dit kon eers vroeg in Mei gepos word.

# Wyn (2)

**Ds SJMS Smit,** Oos-Moot

*Matteus 26:27*

**'Toe neem Hy die beker, en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle en sê: Drink almal daaruit.'**

Op 31 Oktober 1517 het Maarten Luther die groot stap geneem om sy 95 stellinge teen die deformasie van die kerk aan die deur van die kerk te Wittenberg vas te spyker. Ongeveer 1500 jaar na die groot verlossingswerk van Jesus Christus, na sy hemelvaart, verloop sake in sy kerk nie meer soos Hy dit in gedagte gehad het nie, soos Hy gesê het dit moet wees nie. Dit gaan nie meer volgens sy Woord nie.

Die probleem? In wese kom dit neer op miskenning van die gesag van die Skrif. Mense voer met 'goeie bedoelings' dinge in die kerk in wat die Skrif nie leer nie.

Ons fokus hier op een van die gevolge van die deformasie, naamlik nagmaal sonder wyn. Ons kan ons dit byna nie indink, dat die kerk in 'n sekere stadium nagmaal sonder wyn vier nie. Ten spyte van Christus se uitdruklike opdrag 'Drink almal daaruit' word die kerk van die nagmaalwyn beroof.

## Verdraaiing van Christus se bevel

Hoe gebeur so iets? Calvyn sê: Die eerste stap is om die Woord van God so te vermink dat jy naderhand met 'n verminkte vorm van sy woorde sit. Torring aan die Skrif met Skrifkritiek of bevraagteken die Skrifgesag. Die mens doen breingimnastiek om die Woord van God te laat sê wat hy wil hê dit moet sê.

Ons teksvers bevat die uitdruklike opdrag van die Here: 'Drink almal daaruit.' Die woorde is onteenseglik in bevelvorm geskryf. 'n Opdrag, 'n imperatief. Die werkwoord in die grondteks beteken: Drink nou almal daaruit.

Wat maak die deformerende kerk met opdragte van die Here? Die afvallige kerk sê: 'Ons moet nie uit 'n enkele optrede 'n reël aflei waardeur die kerk vir altyd gebind word nie.' Die vraag is: Hoeveel keer moet die Here sê: Jy mag nie doodslaan nie, voordat ons gaan ophou om dood te slaan? Hoeveel maal moet Hy sê: Jy mag nie egbreek nie, voordat ons dit sal gehoorsaam? Hoeveel keer moet God gebied voordat ons dit as gesaghebbend aanvaar?

'Drink almal daaruit' is 'n duidelike opdrag wat selfs in 1 Korintiërs 11:25 herhaal word. Die fout lê nie by die Woord van God nie. Die fout lê by ons. Ons uitvoering van sy opdrag in ongehoorsaamheid. Die fout lê ook nie daarby dat daar onduidelikheid oor die opdrag van Jesus Christus is nie. Dit lê by die mens wat 'n menslike versinsel bo die gesag van God se Woord stel.

## Deformasie van nagmaal in die Roomse kerk

Die kerk van die deformasie het nie met die Skrif na die situasie beweeg nie, maar van die situasie na die Skrif. Hulle het hul eie interpretasie in die Skrif gelees. Hulle het die Skrif laat sê wat reeds lankal praktyk in die kerk geword het. Eerstens is die kerk verlei tot afgodery deur te glo dat die wyn fisies in die bloed van Christus verander. Vervolgens het die kerk op die gedagte gekom dat slegs die priesters wyn mag drink. Om dit te regverdig beweer hulle die twaalf dissipels van Jesus was 'offerpriesters'. So beroof hulle die kerklidmate sowel van die beker as van die wyn. Die gedeformeerde kerk wyk af van die kerk wat onder leiding van die Gees eeue lank nagmaal met die gedeelde beker gevier het. Die ware kerk het brood en beker nie as gewoonte beskou nie, maar het dit as 'n onskendbare wet aanvaar, as die uitvoering van die bevel van Jesus: 'Neem, drink almal daaruit.'

Die groot vraag van die hervorming in die sestiende eeu en van ons is: Hoe staan ons ten opsigte van die opdragte van Christus? Calvyn oordeel dat deur die sakrament in aparte dele te verdeel, brood vir almal en wyn vir die priester, dit nie sonder groot heiligskennis geskied nie. Dit is skending en ontering van die heilige God en sy heilige sakrament. Hy vervolg dat hulle, in een of ander bygeloof verstrik, die Roomse lidmate van deelname aan die wyn weerhou. Hulle het dan prakties geen deel aan die bloed van Christus nie. Hoe leer die lidmate, of kan daar 'n beroep op hulle gedoen word, om *hulle* bloed (as martelare) vir die belydenis aangaande Christus te stort, maar jy weier hulle *sy* bloed wanneer hulle tot die stryd toetree? Ons kan nie met die sakrament maak wat ons wil nie; òf jy vier die sakrament soos Christus dit ingestel het, òf jy vier dit nie.

Hoe het Christus die sakrament ingestel? Hy wil hê sy kerk (almal) moet van die brood eet en die beker drink. 'Neem, drink almal daaruit.' Dit is immers wat Hy gesê het? Of het Hy dit nié gesê nie? *As* Hy dit nie gesê het nie, as dit nie 'n opdrag van Christus is nie, vra Calvyn, waarom vier die kerk dan nog hoegenaamd die nagmaal? Het Paulus dan ook gelieg? Het hy gelieg dat Christus vir hom gesê het: 'Hierdie *beker* is die nuwe testament in my bloed; doen dit, *so dikwels as julle daaruit drink*, tot my gedagtenis' (1 Kor 11:15)? Hierdie bevel aan die gemeente in Korinte hou duidelik verband mèt, is duidelik 'n herhaling vàn en wys duidelik heen ná Christus se opdrag die aand met die instelling van die nagmaal: 'Drink almal daaruit.'

Calvyn vra: As Paulus hierdie opdrag ontvang het, van wie het diegene wat die kerkvolk van die bloed en die beker wegdryf, hulle opdrag ontvang? Hy antwoord op die vraag: Dit is van duiwelse oorsprong. Hulle verdoesel dit onder die naam kerk asof hierdie antichriste waarlik 'kerk' is, terwyl hulle die leer van Christus en sy instellings (sy bevele, sou ons kon sê) so ligtelik vertrap, verwoes en afskaf. Calvyn sê in sy *Institusie*: 'Die

*Redaksie:*
Ds ALA Buys
Ds GJ Meijer
Dr JG Meijer

*Eindredaksie:*
Dr JG Meijer
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 329-1465
E-pos:
jgmeijer@cybertrade.co.za

*Medewerkers:*
Prof JC Coetzee
Prof GJC Jordaan
Dr JM Boon

*Administrasie-adres:*
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 335-9134
(Mev Hanneke Das)

*Intekengeld:*
R 70 per jaar

*Taalkundige versorging:*
Mev Rita Botha

*Tegniese versorging:*
Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031
E-pos: printbur@mweb.co.za

Satan het hom beslis nog nooit met 'n kragtiger wapen as hierdie een daarop toegelê om die koninkryk van Christus aan te val en in te neem nie' (4.18.18).

Hierdie kragtige wapen is nie net 'n aanval op die nagmaal nie. Dit is 'n oeroue wapen, sy mees suksesvolle wapen: Wat maak jy met die bevele van God? Is dit regtig so dat God gesê het julle mag nie van een boom in die tuin eet nie? Is dit regtig so dat God gesê het: Drink almal (saam) uit een beker?

## Die beker van danksegging en gemeenskap

Ons weet kultuurhistories dat dit gebruik was om in opdrag van die huishoof almal uit die beker wat hy aangee, te drink om daardeur die verbondenheid met hom, met die gemeenskap, die verbondenheid met die seën en die verbondenheid met die rede vir die feesvreugde te toon. Soveel te meer is in ons teksvers nie net 'n huishoof aan die woord nie, maar die Hoof van die kerk aan die woord: 'Drink almal daaruit.'

Wat maak ons met hierdie bevel van die Here? Daar word beweer dat die eksegese van sinodes 1927 en 1930 meer sê as die opdrag van Christus, wanneer hulle 'n gemeenskaplike beker noodsaaklik ag omdat Christus dit by die instelling van die nagmaal gebruik het. Hierdie bewering maak die deur oop vir allerhande versinsels van wat by die nagmaal noodsaaklik is (*Acta*, 1997, p. 644, 6.2.2.6.3). Terwyl die opdrag onteenseglik lui dat almal uit die beker moet drink, almal uit dieselfde beker moet drink, so dikwels as hulle daaruit drink (*ibid.*, p. 600, 2.3.2.2).

Waar laat dit ons? Min of meer weer by die reformasie van 1517. Die argumente is feitlik dieselfde. Die feit is egter: Die beker-wyn is nie 'n blote terloopse gebruik van die Nuwe Testamentiese tyd nie. Dit is 'n gebruik met openbaringhistoriese betekenis, 'n gebruik met Godsopenbarende inhoud, wat nou nog tot ons spreek. Die wynbeker beland op die pasga-tafel met dié betekenis, dat die Here gedank word vir die ou verbond en sy vreugdes, wat in die besnydenis beteken is. Die beker-wyn wys heen na God se genadige verlossing wat Hy in Christus bewerk het.

'Drink almal daaruit.' Christus wil hê dat sy kerk daarin sal deel. Ons bely dit ook in die Heidelbergse Kategismus (Sondag 28, vraag en antwoord 75). Só word ek in die heilige nagmaal daarop gewys en daarvan verseker dat ek aan die enige offerande van Christus aan die kruis en aan al sy weldade deel het. Deur almal wyn te drink, deur almal daaruit te drink. Deurdat almal wyn drink, deurdat almal uit die beker drink, het almal gemeenskap met die bloed van die gekruisigde Christus, het almal saam gemeenskap met Hom. Wie gemeenskap met Hom het, moet hulle afskei van afgodery en van gemeenskap met die demone. Wanneer die gedeformeerde kerk die gelowiges beroof van die beker-wyn, is dit juis gegrond op die gruwelike afgodery dat die wyn in die bloed van Christus verander. Tegelykertyd word die gelowiges beroof van die gemeenskap met Christus, dit is: van vergewing van sondes, van versoening met God. Die kerk kan nie nagmaal sonder die beker-wyn vier nie. Dan vier hy nagmaal sonder Christus.

Die Reformasie het in die viering van die nagmaal na die Skrif teruggekeer. Hulle het verwerp wat Christus nie gesê het nie, hoe mooi en edel dit ook al geklink het. Hulle het uitgevoer wat Christus beveel: 'Drink almal daaruit.' Sodat ons weer wyn op die nagmaaltafel het, weer gemeenskap met die gekruisigde en opgestane Christus het, innige verborge lewensgemeenskap met Hom, as sy liggaam, deur die geloof. 'n Gemeenskap wat by die nagmaal sigbaar word, veral as ons die beker in gehoorsaamheid aan Christus, ons Hoof, met mekaar deel.

Dit is nie ons, of die kerk, of hulle ... wat die gemeenskaplike beker 'n noodsaaklike vereiste by die nagmaal gemaak het nie ... Jesus doen dit as Hy sê: 'Drink almal daaruit.'

**FOKUS**

# 'N KOSJER LYSIE VIR VERBODE KANSELS

**Ds ALA Buys,** Piet Retief

Dit is 'n staande praktyk in ons kerke dat daar ruildienste van tyd tot tyd plaasvind. Die naburige gereformeerde predikant word dan op die kansel toegelaat op grond van ons eenheid in kerkverband. Dit wil tog voorkom asof daar deesdae (miskien was dit maar nog altyd so) 'n krapperigheid oor hierdie saak is. Nie dat die kansels geruil word nie, maar wie bestyg 'ons' kansel.

Mens hoor werklik deesdae van kerkrade wat (hetsy formeel of nie) sekere predikante op 'n nie-kosjer-lys plaas as dit by preekuitnodigings kom. Daar word maar gekyk of die genooide se preek sal inpas by die opset van 'ons gemeente'. Wat die redes vir die weiering tot uitnodiging is, word hier heeltemal buite rekening gelaat. In elk geval kan dit die hele spektrum van ons kerklike woeling weerspieël. Dit kan wissel van die 'kelkie-dominee' tot die dominee wat te streng wil tug. Die rede maak nie saak nie. Die punt is die volgende: Volgens ons kerklike eenheidsband is dit ons afspraak dat ENIGE predikant van die GKSA op ENIGE gereformeerde kansel welkom is (per uitnodiging natuurlik). Maar die werklikheid werk anders. Alle gereformeerde predikante is nie tans op alle gereformeerde kansels welkom nie. Ons het 'n afspraak wat ons nie nakom nie. Hoe wyd of syd dit gebeur, is natuurlik moeilik vasstelbaar. Dit gaan in elke geval nie daaroor nie. Dit gaan oor die vertrekpunt en beginsels wat in gebruike na vore kom of begrawe word.

Sou daar 'n kerkraad wees wat 'n besluit geneem het (of stilweg die gebruik het) om sekere predikante nie op hulle kansels toe te laat nie, het daardie kerkraad 'n skyn van heiligheid. Daar is dikwels 'n goeie rede hoekom so 'n besluit geneem is of so 'n gebruik bestaan. Die ouderlinge wil in die meeste gevalle waak oor die prediking wat verkondig word in die gemeente. Dit is prysenswaardig dat dit gebeur. Die kansel moet met heiligheid bewaak en bestyg word. Maar om daardie besluit of gebruik nie aan die klassis (en betrokke ander predikant se kerkraad bekend te maak nie) is, om die minste te sê: skynheilig. Want waar is die heiligheid oor die eenheid van die kerk van Christus – soos wat daar 'n heiligheid is oor die suiwerheid van die prediking op die eie kansel?

## Minder belangrik

Is die een (heiligheid van ons eie kansel) minder belangrik as die ander (heilige eenheid in ons kerkverband)? Hoe baie praat ons nie oor en weer verby mekaar nie. Het die herderlike brief van die afgelope sinode (geskryf deur die moderamen, onder voorsitterskap van dr Ras) ons nie tydig opgewek om in broederliefde met mekaar om te gaan nie?

Hierdie wond in ons hart sweer om twee redes:

- Ten eerste ontstaan die vraag hoe swaar die negende gebod (jy mag nie vals getuig nie) vir ons weeg buite ons gemeente se grense.
- Tweedens is daar moontlik ernstig fout met die manier van visitasie wat die kerke ontvang.

## Lieflike vrou of egbreekster

Jy mag nie vals buite jou gemeentegrense getuig nie. Ten minste twee keer 'n jaar kom klasisse bymekaar en nadat die kredensiebriewe gelees word, word 'n openlike verklaring voorgelees waarmee gewoonlik staande ingestem word. Daarin sê ons dat ons die ander kerke in die verband uitnooi om die 'innigste gemeenskap' (bruidstaal van die kerk van Christus) met ons te oefen. Formeel staan die kerke se afgevaardigdes daar en sê lieflik openlik: ons is een met mekaar. Julle is welkom by ons, ons by julle. Die klassis-vergadering per definisie is 'n uiting van die eenheidsbelewing. Daar praat ons met mekaar. Daar is die plek van eenheid. Daar is dit tasbaar. Daar, maar slegs daar. Nie dié dominee op ons kansel nie. Nie hier nie. Hier by ons is dit wat ons op die klassis – voor God en mekaar – getuig het, nie van toepassing nie.

Geen mens kan in liefde skei nie. Nòg in die huwelik, nòg in die kerk, nòg minder in die kerkverband. Dit laat mens bietjie ongemaklik om te weet jy mag nie staande buite jou gemeentegrense lieg nie. As 'ons' nie die innigste gemeenskap met 'hulle' wil oefen nie, waar is die respek vir die gebod van God? Om dit te sê maar nie bedoel nie en dus nie doen nie, is so erg soos egbreuk. In die huwelikslewe van gelowiges word afgeskop voor die kansel met woorde van liefde en getrouheid aan mekaar en van eenheid. Daardie woorde voor die kansel moet opgevolg word met ooreenstemmende dade daarna. By die klassis kan dit omgeruil word (vergeef maar die bietjie spitsvondigheid). By die klassis is die daad daar waar die bruid van Christus haar eenheid moet beleef. Formeel is ons een; ons getuig staande dat dit die geval is. Maar die liefdeswoord vir die kansel kort. Of nog erger die Woord – gebring deur die geruilde predikant – kort. Hy mag nie hier kom sê: So spreek die Here Here nie.

> *Geen mens kan in liefde skei nie. Nòg in die huwelik, nòg in die kerk, nòg minder in die kerkverband.*

Hy is verlede keer genooi om te kom sê: So spreek die Here, maar toe verkondig hy sy eie mening. En dit het ons koel gelaat, afgehaal, gebelg. Oplossing: hy kom nie weer as genooide hierheen nie. Gelukkig hoef ons hom net 'n paar keer daar op die klassis te sien, simbolies te wys ons is een, maar ons is nie eintlik nie. Laat ons hier op ons kansel elke rusdag hoor: Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie. Ons amendeer dit net 'n bietjie as dit by die klassis kom. Dan is ons kansel veilig. Buite ons gemeentegrense kan ons maar vals getuig deur te swyg oor ons ware gevoelens, solank ons kansel veilig gestel is. Dis 'n prys om te betaal, maar ons offer maar, want praat help nie.

Het die gereformeerdes 'n hart van 'n getroue vrou vir die kansel, maar die bitter hart van 'n egbreekster vir die klassis? Is dit nie die hoogste mate van skynheiligheid nie? Mag ons so vir mekaar lieg?

## Visitasie

Tweedens (en dit is 'n vermoede, maar die moeite werd om te ondersoek) is die saak van visitasie. Die K.O., art. 44, reël die hoe daarvan. Minstens elke twee of drie jaar kom ander predikante, as afgevaardigdes van die ander gereformeerde kerke, visitasie hou. Die ander kerke stuur manne uit liefde om te kom vra en kyk hoe staan dit met die bruid van Christus. Watter wonderlike geleentheid is visitasie nie. Die liefdesband van eenheid in aksie.

Maar weereens werk die werklikheid anders. Die visitasie raak soms 'n irriterende aftik van 'n lysie. Ja, ons dominee preek goed. Ja, die kinders word gedoop. Ja, die nagmaal word gehou. Ja, die diakens het genoeg geld. Ja, die predikant word eervol versorg. Ja, ja, ja. Alles goed, alles wel, gemeente so en so is nog 'n ware kerk van Christus. So lui die formele rapport op die klassis-vergadering. Sy is 'n pragtige bruid. Sy lieg stil-stil so bietjie egbrekerig op die klassis, maar wie is nou volmaak? Moenie op visitasie vra of sê van die kosjer lysie nie. Want een van die visitatore is dalk êrens op die lys. Gee nie volledige insig in die stand van sake nie. Antwoord bevredigend – nie eerlik nie. [So terloops, hoeveel predikante op visitasie hou huisbesoek by die pastoriepaar om die eenheidsliefde sigbaar, tasbaar te maak?]. Ook op visitasie mag die bruid haar nie soos 'n egbreekster gedra nie. Nie in die konsistorie-visitasie-vergadering nie, nie in die klassisvergadering nie. Liefde ken net een pad – die waarheid.

## Reg bind

Kan ons kansels ruil? Ja, maar haal die kosjer-lysie uit die baadjiebinnesak. Veg vir die waarheid. Hou die kanselruil rein. 'n Versteekte lysie is 'n leuenverklikker, want net soos die huwelik ook op regsgronde gebaseer is, so is dit met die kerk ook. Ons het 'n regsbinding. Formeel, juridies, forensies. Daarin is voorregte en verpligtinge gestipuleer. Dit moet nagekom word. Ons kerke is nie maar 'n losse ken-mekaar klub of gebeurtenis nie. Die kerk is 'n heilige vergadering. Deur Christus self bymekaar gemaak. BYMEKAAR. Die verbond wat ons verbind, ons afspraak is wettig en daarom geldig – by kanselruil en visistasie.

- Daarom is kosjer-lysies regsverbreking. Want formeel mag enige gereformeerde predikant op enige gereformeerde kansel preek. Die reg eis dit.
- Daarom is lamsakkige visitasie regsverkragting. Want ons sê: Ons is nog lief vir mekaar, nè? Al breek ons die reg aan flarde. Jy is getrou(d) in die huwelik, wettig, of jy is nie. Daar is niks tussen in nie. By die kerk is ons ook aan mekaar verbind op regsgronde.

## Waar is die 'totdat' ?

Hoe kom ons uit hierdie oneerlikheid? Deur openlik die pad met mekaar te loop. 'n Gereformeerde kerkraad wat 'n gereformeerde predikant sy kansel verbied, moet dit sê. Christus se reg vereis dit. Hulle moet dit openlik sê met 'n kerkraadsbesluit, op visistasie en met die klassis. Hulle moet sê: Ons wil hierdie predikant nie hoor preek nie TOTDAT daar teruggekeer word na ons afspraak. Die reg, die liefdeswet van Christus eis dit.

Christus het sy bruid baie lief. Hy het ons bymekaar gebring. Wettig aan mekaar verbind. Hoe lief het ons mekaar voor hierdie wet?

> *Hou die kanselruil rein*

# TOERUSTING VIR DIENS IN DIE KONINKRYK (1)
# DIE HOOF BO ALLE DINGE

**Dr JG Meijer**, Pretoria

**Die verheerlikte Christus doen wonders. Hy maak sondaars nuut, deur sy Gees en Woord. Verder rus Hy die wedergeborenes toe vir diens in sy kerk. Hy laat hulle voortdurend *groei* in die geloof. Die geloofs*eenheid* van sy volk word al hoe hegter. Die gelowiges leer om *dwaling* steeds duideliker te *onderken* en te weerstaan.[1] Christus verrig hierdie wonders nie regstreeks vanuit die hemel nie. Hy span ampsdraers in. Hulle moet die heiliges toerus, nie slegs vir diens in sy kerk nie, maar ook vir diens in sy koninkryk.**

Efesiërs 4:11-16 gaan oor die opdrag aan die ampsdraers om die gemeente toe te rus vir diens. Vers 15 fokus op die toerusting vir diens in die koninkryk van God en sy Gesalfde. Ons, lidmate van die kerk, word deur troue diens van ons ampsdraers bekwaam gemaak om, 'terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles' op te groei 'in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus'.

Die inhoud van hierdie sinsdeel is ryker en omvattender as wat in een artikel beskryf kan word. Hierdie artikel soek slegs antwoord op een vraag: Wat behels die benaming van ons Here Christus as Hoof? Die antwoorde van verskillende uitlêers loop uiteen.[2] Wat is die regte antwoord? En waarom?

## Die betekenis van 'Hoof' in die brief aan die Efesiërs

Die verhoogde Heiland word behalwe in hoofstuk 4:15 in twee ander dele van die brief aan die Efesiërs 'die Hoof' genoem. Hierdie naam kom die eerste keer voor in hoofstuk 1:20-23a: Die God en Vader van onse Here Jesus Christus, die Vader van die heerlikheid (vers 17) ... het 'Hom uit die dode opgewek en Hom laat sit aan sy regterhand in die hemele, bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige. En hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as *Hoof* bo alle dinge aan die gemeente gegee, wat sy liggaam is'.

Die Here openbaar hier onder meer die volgende:

- Die Middelaar is deur die Vader uitermate verhoog; hierdie verhoging het Hy deur sy kruisdood verwerf.[3]
- Die verheerlikte Christus ontvang koninklike mag (Hy sit aan God se regterhand).
- Hy regeer as Koning oor alle dinge (alle dinge is onder sy voete onderwerp) en oor alle magte in die hemel en op die aarde (bo alle owerheid ens.).
- Sy kerk het 'n besondere plek in sy koninklike ryksgebied (Hy is as Hoof bo alle dinge aan *die gemeente* gegee; die kerk is sy liggaam).

Wat in Efesiërs 1 oor die Hoof geopenbaar is, moet ons by die oordenking van hoofstuk 4:15 in gedagte hou. Ons word deur die ampsdraers toegerus om in die Hoof van hoofstuk 1 op te groei. Ons moet volgens die grondteks *na* die Hoof toegroei. Koning Christus roep sy volk tot aksie.

Hy roep sy heiliges ook tot aksie in hoofstuk 5:21-6:9. Ons moet aan Hom, die Hoof van die gemeente (5:22), onderdanig wees.

Ons Heiland in die hemel dra dus as Hoof die hoogste koninklike gesag. Die Hoof is ons en almal se Koning. Hy het seggenskap. Hy regeer. Wat behels sy heerskappy?

## Christus regeer deur die Woord

Ampsdraers rus die gemeente toe om na Hom wat die Hoof is, toe te groei. Hierdie groeiproses vind plaas 'terwyl ons in liefde die waarheid betrag'. *Die waarheid* is die Woord van God. Christus regeer nie na willekeur nie. Die Woord is sy koninklike wet. Die Woord waardeur die Gees ons wederbaar, kry al hoe meer seggenskap in ons lewe. So groei ons toe na Hom wat die Hoof is.

Die waarheid *betrag* beteken om ooreenkomstig die Woord te praat en te doen. Ons word in ons woorde en dade steeds meer onderdanig aan die Hoof.

Die Here rus ons toe om die waarheid *in liefde* te betrag. Die toevoeging 'in liefde' dui nie alleen op die groot gebod (God liefhê bo alles en die naaste soos jouself) nie. Christus wil nie gedwonge en teësinnig gedien word nie. Hy, ons Koning, is immers ons Verlosser? Hy wil dat sy onderdane 'in liefde', uit dank vir die verlossing, met brandende harte in sy koninkryk optree. Hulle onderhou die wet van die ryk in liefde vir die Koning van die ryk.

Christus se heerskappy is Woord-heerskappy. Die Lam, wat staan asof Hy geslag is, die Leeu uit die stam van Juda, die wortel van Dawid, verbreek die seëls van die boek waarin God die geskiedenis van kerk en wêreld geskryf het.[4] Die verheerlikte Christus voer koninklik Gods raadsplan uit. Wat gebeur daar by die oopmaak van die eerste seël? Wat staan daar op die eerste 'bladsy' van God se boek? Wat is die 'hoofnuus' in die wêreldgeskiedenis?

'n Wit perd kom uit die hemel. Die ruiter daarop het 'n boog in sy hand. Hy dra 'n kroon. Sy gang deur die wêreld is 'n triomftog. Hy gaan uit as oorwinnaar en om te oorwin.[5] Die evangelie gaan seëvierend deur die wêreld. Christus oorwin vyande te alle tye en in alle lande. Hy, die magtige en genadige Heerser, tref hulle met sy Woord. Hy maak van teenstanders volglinge en verhef hulle tot burgers van sy ryk. In elke mens wat die waarheid betrag, sit ons Koning vanuit die hemel sy segetog vanuit die hemel voort. Hy oorwin en sal oorwin.

## Christus regeer oor sy kerk

Die verhoogde Heiland se ryksgebied omvat die hele kosmos. Hy is die Hoof van alle dinge, van alle magte in die hemel en

[1] Sien oor die wedergeboorte en die toerusting vir diens in die kerk die artikels in hierdie rubriek in *Waarheid en dwaling*, 5(3-6), Maart-Junie 1999.

[2] Sien A Capellen. De betekenis van kephalè (hoofd) in de Bijbel. *Nader bekeken* 6(3), Maart 1999:77-80. Hy bestry tereg die beskouing van kephalè as 'bron'.

[3] Sien 'Daarom' in Fil 2:9.

[4] Op 5:1-7.

[5] Op 6:1-2.

op die aarde. Sy kosmiese ryk het 'n sentrum, die kerk. In en vanuit die kerk maak Christus die wet van die koninkryk bekend. Ons ken die Hoof oor alle dinge spesiaal as 'Hoof van die gemeente',[6] as 'die Hoof van sy christelike kerk' (die sentrum van sy ryk), 'deur wie die Vader alles (die koninkryk in sy kosmiese omvang) regeer'.[7] Elke lidmaat van die kerk beklee die bevoorregte posisie van ryksburger, onderdaan van Koning Christus.

Voorregte in die ryk van Christus gaan met verpligtings gepaard. Die Hoof van die kerk wil erken word deur volstrekte eerbiediging van die Woord. Liefde vir die Hoof beteken dat 'almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles wat daarmee in stryd is, verwerp en (sodoende) Jesus Christus as die enigste Hoof erken'.[8] In liefde vir die Hoof wys sy kerk onder meer af:

- enige vorm van kerklike gesag wat Christus as die enigste Hoof misken (tirannie van pouse, sinodes, kerkrade, predikante),
- enige kerklike besluit wat van die Woord afwyk,[9]
- enige afwyking van die Skrif deur voorgangers en lidmate en
- enige prinsipiële samewerking met mense wat nie die volstrekte gesag van die Woord aanvaar nie.

Wat as ons enige kerklike tirannie of enige afwyking van die Skrif invoer of dit toelaat? Dan skryf ons aan onsself (kerklike gesagsdraers) of aan verkeerde besluite wat ons ten minste tydelik as bindende besluite aanvaar, 'meer mag en gesag toe as aan die Woord van God'; dan laat ons blyk dat ons onsself 'nie aan die juk van Christus' wil onderwerp nie. Dan toon ons die kenmerk van die valse kerk.[10]

Die Hoof van die kerk stel elke 'kerk' wat sy Woord hanteer, voor die vraag: Waarheen loop jou pad? Dit is een van twee:

- òf kerklike toegroei na die Hoof, blywende eerbiediging van sy gesag, handhawing van sy Woord en toenemende toerusting vir diens in sy koninkryk

- òf voortgaande verwydering van die Hoof, voortgaande miskenning van sy gesag, steeds verdere afdwaling van sy Woord en vermindering van aandag vir sy koninkryk.

Op die tweede pad roep die Hoof tot terugkeer na Hom, op die eerste tot verdere groei na Hom toe. Daar word sy koninklike heerskappy oor die hele lewe meer en meer ingesien en dankbaar en blymoedig ervaar.

## Christus regeer oor die hele lewe

Die heerskappy van Christus is nie tot die kerklike lewe beperk nie. Nee, die Hoof oor alle dinge[11] wil dat sy heiliges *in alles* na Hom toegroei.[12] In alles. Dit beteken: Christus het onbegrensde gesag in die lewe. In alles wat sy burgers doen en nalaat (hulle werk, hulle ontspanning, omgang met geld en goedere ensovoorts), tree hulle binne die grense van sy ryk op. Hulle hele lewe is koninkryk-diens.

In alles. Christus se onbegrensde mag moet ook in alle gesag-verhoudings eerbiedig word. Efesiërs 5:21-6:9 handel oor drie van die gesag-verhoudinge. Die verhouding van man en vrou in die huwelik, die van ouers en kinders in die gesin en die van here (base) en slawe in die maatskappy.[13] In Romeine 13:1-7 behandel die apostel Paulus die verhouding van owerheid en onderdane. Christus is die Hoof van alle dinge, ook in alle gesag-verhoudings.

Almal, mans en vroue, ouers en kinders, base en slawe, owerhede en onderdane, moet onderdanig wees, hulle voortdurend onderwerp aan die Hoof van alle dinge. Die werkwoord in die grondteks hang saam met die Griekse woord 'taxis'. Ons sien 'n soldaat in gelid, 'n eskader in die vloot. 'Taxis' dui op 'n posisie of rang.

Daar is gesag-verhoudings wat God self ingestel het. Die man is hoof van die vrou.[14] Ouers het seggenskap oor hulle kinders.[15] God stel die magte, die owerhede oor die mense.[16]

Daar bestaan ook gesag-verhoudings wat die Here nie ingestel het nie. Efesiërs 6:5-9 gaan oor die verhouding van baas en slaaf. Slawerny wat slegs na die sondeval kon ontstaan, word nie in Efesiërs 6 veroordeel nie. Die Here roep sy onderdane nie om dié mensgemaakte en mens-onterende gesag-verhouding rewolusionêr omver te werp nie. Hy roep hulle wel om Hom daarin te dien. As baas en slaaf koninkryksdiens verrig, word daardie gesag-verhouding van binne uit uitgehol.

Die Hoof van alle dinge roep alle gesagsdraers en hulle ondergeskiktes om Hom te dien. Vroue en mans, kinders en ouers, slawe en here, onderdane en owerhede ontvang in Efesiërs 5 en 6 en in Romeine 13 instruksies vir die onderlinge verkeer in sy koninkryk Alle gesagsdraers moet onderdanig bly aan Hom. Alle ondergeskiktes moet Hom in hulle posisie dien. Ongehoorsaamheid aan gesagsdraers word slegs gebied as ondergeskiktes beveel word om die gebod van God te oortree.[17]

'n Soldaat wat nie in gelid bly nie, deserteer. Om die bestaande gesagsorde omver te werp, is rewolusie. Die moderne samelewing word deur rewolusie gekenmerk. Alle posisies word omgekeer: die posisie van man en vrou in die beweging van die feminisme, die posisie van ouers en kinders in die verbod om kinders in die skool behoorlik te straf, die posisie van werkgewers en werknemers deur vakbonde wat in hulle eise as werkgewers optree, en die posisie van owerheid en onderdane deur onder andere van die kant van die regering die polisie vleuellam te maak. Hoe om so 'n samelewing gesond te kry? Deur as burgers van die koninkryk te wandel, in alles onderdanig aan die Hoof van alle dinge.

## Christus regeer regverdig

In onmiddellike aansluiting by sy oproep om bestaande gesag-verhoudings te eerbiedig en in alles aan Hom onderdanig te wees, roep die Here ons in Efesiërs 6:10vv om die wapenrusting van God aan te trek, sodat ons teen die liste van die duiwel staande kan bly. Satan, die felste teenstander van God, stel alles aan die werk om gesag-verhoudings omver te werp en om die volgelinge van die Heiland teen hulle Hoof aan te hits.

Mense, kerke, vakbonde, volke, nasies wat nie in liefde die waarheid wil betrag nie, ontvang hulle verdiende straf. Die wit perd in Openbaring 6, die evangelie op sy triomftog, word deur drie ander perde gevolg, 'n rooi, 'n swart en 'n vaal perd.[18] Die rooi perd versinnebeeld die oorlog. Nasies wat Christus nie as Hoof aanvaar nie, val mekaar aan. Die vrede verdwyn van die aarde. Die swart perd dui op die ekonomiese krisis. Oorvloedige weelde en skrynende armoede langs mekaar in lande

6 Ef 5:23; vgl. 1:23; Kol 1:18.
7 HK, antw. 50.
8 NGB, art. 29.
9 KO, art. 31.
10 NGB, art. 29.
11 Ef 1:22.
12 Ef 4:15.
13 Prof. L Floor skryf insiggewend hieroor in sy publikasie *'n Lamp vir almal in die huis: christelike leefreëls vir huwelik, gesin en samelewing*. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal, 1986.
14 Ef 5:23; 1 Kor 11:3.
15 Ex 20:12.
16 Rom 13:1.
17 Sien onder meer Hand 4:19; 5:29.
18 Op 6:3-8.

waarin Christus as Hoof van alle dinge nie eerbiedig word nie. Die vaal perd is die simbool van binnelandse onluste (moord en doodslag), van pessiektes, hongersnood en wilde diere wat die mense aanval. Die pessiektes en hongersnood kom regstreeks van Bo, uit die hemel.

Swaard (die rooi perd), honger (die swart perd) en pes (die vaal perd) is volgens Levitikus 26 en Deuteronomium 28 dié drie verbondsgerigte wat God uitoefen oor die verbondsvolk wat nie na sy stem luister nie, wat nie in liefde die waarheid betrag nie. Christus, die Hoof van alle dinge, tree vandag nog net so op. Die wraak van die verbond tref almal wat nie na Hom, die Hoof, wil toegroei nie.

Gelowiges wat ook die gevolge van die drie oordeel-perde ondervind, aanvaar dit as tugtiging wat "'n vredevolle vrug van geregtigheid' lewer.[19] Die massa laster die God van die hemel oor hulle pyne en kom nie tot bekering van hulle werke nie.[20] Ons Heiland triomfeer oor sy volgelinge deur hulle ook in die storm van gerigte aan Hom te verbind. Hy triomfeer oor sy vyande deur hulle in die gerigte te laat omkom. Die Oorwinnaar gaan uit om te oorwin.

## Lof aan ons Hoof

Ons Verlosser is die Hoof van alle dinge. Hy regeer oor die hele lewe. Hy beheers alles en almal. Hy wat die geskiedenis van kerk en wêreld lei, wat regverdig regeer, dring sy volk tot die lofsang: 'Aan Hom wat op die troon sit en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid!'[21]

Om dié lof nie te laat verstom nie moet nuwe vrae wat uit hierdie artikel voortspruit, beantwoord word. Wat van die praktyk? Hoe moet die kerk sentrum van die koninkryk wees? Waaruit bestaan die toerusting vir diens in die koninkryk? Wie moet die toerusting-taak behartig? Net die ampsdraers? Wat is die taak van die kerk teenoor die owerheid? En van die owerheid teenoor die kerk? Hierdie vrae word DV volgende maand bespreek.

[19] Heb 12:5-11.
[20] Op 16:11.
[21] Op 5:13.

UIT DIE VERLEDE

# AARDSKUDDINGS EN LUGVERSKYNSELS

**Prof. JD du Toit (Totius)**
*Die Kerkblad*, 15 Junie 1932

**Totius skryf na aanleiding van 'die uitbarsting in die Andes (Suid-Amerika)' in 1932 twee artikels in *Die Kerkblad*. Hy sluit sy eerste artikel soos volg af: 'Ons vrees dat dit by menigeen net bly by 'n uitwendige waarneming - iets wat dikwels ook maar swak is - en dat nie deurgedring word tot die werklike betekenis van die verskynsels nie. Hoe anders is die lering wat ons uit die Skrif opvang!' Totius se skriftuurlike besinning volg in sy tweede artikel. Hierdie besinning bly aktueel, ook na die onlangse aardbewings in die nabye en verre Ooste.**

Die ontploffings en uitbarstings in die Andesgebergte, Suid-Amerika, het ons opnuut laat besef watter geweldige kragte wegskuil in die aardbodem onder ons voete.

Vulkane, honderde myle van mekaar verwyder, het tegelyk soveel stof en as uitgeblaas dat die hoeveelheid by wyse van kubieke myle geskat word. En die rookkolomme het so geweldig hoog in die lug gaan staan, dat hulle lengtemaat met myle bereken is. Tewens word ons vertel hoe die stof en as donkerheid en skemering versprei het oor 'n wye omtrek en dat hulle verder in die hoër luglae voortgedra is teen 'n snelheid van 70 myl per uur. Almal saam natuurverskynsels wat ons laat voel dat die binneste van die aarde nie altyd so stil lê nie maar soms gevaarlik in beroering kan kom.

*Ons geloof omvat deur Gods genade begin en einde*

## Wat moet ons van dit alles sê?

Die man van wetenskap beskrywe die verskynsels; hy dink daaroor na; hy gaan in die geskiedenis terug om van soortgelyke natuurrampe te verhaal; hy kom ook tot sekere gevolgtrekkinge. Maar dit alles kan ons nie bevredig nie. Ons hart bly vra: Waarom? En as die wetenskap probeer om dié vraag te beantwoord, dan ontstaan daar pynlike konflikte. Ons as gelowiges kan ons nie versoen met die gedagte dat dit bloot *natuur*verskynsels, sonder meer, is nie; dat dit al vroeër so was en dat dit verder so sal bly tot in die oneindige. Altans, dat niemand kan sê 'Hoe lank?' nie.

## Die naderende einde

Die eerste hoofpunt wat ons moet vashou, is dat ons alléén deur die geloof kan weet dat daar 'n naderende einde is.

Alleen deur die geloof weet ons dat God hemel en aarde geskape het. Geen man van wetenskap kan ons dit vertel nie, want hy was nie daarby nie.

Alleen deur die geloof weet ons dat ook dieselfde hemel en aarde deur die oordele van God uit dié geskape toestand sal uitval en deur die oordele van God sal omgewentel word totdat met die nuwe hemel en nuwe aarde 'n ander toestand sal intree.

Om te glo dat God alles geskape het (ons eerste geloofsartikel), is swaar. Luther selfs het daarmee so lank en bang geworstel. Maar om te glo dat alles vir die oordeel en ontwrigting bestemd is, is net so swaar. Die ongeloof in ons eie hart wil ons aldeur wegtrek uit ons vastigheid deur ons toe te fluister: Dit wàs so en dit bly so. Na hierdie lokstem mag ons nie luister nie. Ons

geloof omvat deur Gods genade begin en einde, en is nie tevrede met 'n sukkelbestaan in die teenswoordige nie. Ons geloof oorspan die ganse vloedgolf van die tyd, al wat daar lê tussen skepping en herskepping in.

## Natuurrampe en sonde

Maar nie alleen dit nie. Die tweede hoofpunt waar ons die aandag op wil vestig, is dat die strafgerig van God nie beperk is tot die *mense*wêreld nie. Dit lyk so vanselfsprekend, en tog is dit 'n punt waarmee die geloof dikwels worstel.

In sy profetiese rede vestig Jesus ons aandag nie net op maatskaplike beroeringe, omwentelinge wat in die mensewêreld plaasvind nie, maar ook op geweldige skuddinge in die ryk van die natuur. Nie net hongersnode en pessiektes sal daar wees nie maar ook groot aardbewings; en daar sal ook verskriklike dinge en groot tekens van die hemel kom (Matt 24:7; Mark 13:8; Luk 21:11).

Hiermee stem ooreen wat die siener op Patmos aanskou het. Die eerste vier seëls het hoofsaaklik betrekking op die mensewêreld; maar die sesde, wat die uitvoerigste beskrywe is, laat ons sien 'n aardbewing hieronder en 'n hemelbeweging daarbo wanneer die sterre uit die hemel sal val soos onryp vye van 'n vyeboom afval (Op 6:12-17). En wanneer die siener op Patmos die geluid van die stormbasuine hoor, dan verneem hy deur middel van die eerste vier basuinstote dat dit juis die verskillende terreine van die *natuur* is wat aangetas word: aarde, see, drinkwaters en hemelliggame (Op 8:7-13).

Nou is dit nie so dat dié *natuurrampe* die beroeringe in die *mensewêreld* maar net vergesel nie. Nee, die Skrif leer ons duidelik dat daar 'n oorsaaklike verband tussen dié twee bestaan, en wel só dat die mens se sonde uiteindelik lei tot die ontwrigting van die ganse natuur.

Breed hoef ons op hierdie punt nie in te gaan nie. Jesaja sê dit baie duidelik dat die aarde eenmaal sal bewe, omdat sy oortreding te swaar op hom sal druk (24:20). Nou weet ons dat die aarde as sodanig, as stuk van die heelal, nie kan sondig nie. Dit is dus die oortreding van die *mens* wat eindelik te swaar word en die gewaggel van die aardbodem veroorsaak.

> *Dit is die oortreding van die mens wat eindelik te swaar word en die gewaggel van die aardbodem veroorsaak.*

Dit is ook 'n punt waarmee die geloof te kampe het, veral in ons eeu, waarin die natuurvorsing sulke breë afmetings aangeneem het, 'n vorsing wat eintlik net rekening hou met wat sienlik en tastelik is.

Alreeds by 'n droogte of sprinkaanplaag is dit so swaar om ten volle en diep te besef dat *ons sonde* die oorsaak daarvan is. Wie voel in hierdie opsig so sterk soos Amos? Hy sien die verwoesting van die sprinkaanplaag en bid onmiddellik, sonder enige uitweiding: 'Here, Here *vergeef* tog!' Dadelik dus die sondebesef (Amos 7:2).

Werk die gevoel van die sonde alreeds swak by die meer gewone natuurplae, te minder sal dit openbaar word as die verskrikkinge van die voleinding deurbreek. Vrees en angs sal daar wees, maar dit is iets anders as 'n nugter besef van wat gaande is. Skriktonele op sigself kan ons nie tot verootmoediging en geloof bring nie. Dit kom alleen deur werksaam te wees met die Woord van die Here en werksaam te wees deur die Heilige Gees.

## God gryp in

Die derde hoofpunt wat ons moet vashou, is dat God self die eerste oorsaak van al dié strafgerigte is. Dit is nie so dat die natuur en die mensewêreld vanself oud word en naderhand inmekaarsak, om dan vir nuwe formasies plek te maak nie. Dit is die geloof van die ewolusionis; dit is die troostelose leer van die ewigdurende herhaling, sonder dat daar 'n einde aan die wêreldellende kom.

Om ons van hierdie dwaling terug te hou leer die Openbaring dat God by die eindoordeel regstreeks ingryp.

Natuurlik gebruik God daarby ook, as tweede oorsaak, die kragte wat alreeds in die natuur aanwesig is. 'n Lokomotief wat van die spoorwegstawe afgly, vernietig homself deur die geweld van die stoomkrag wat in sy binneste skuil. So is daar ontsettende kragte alreeds in die skepping aanwesig wat God by sy gerigte sal aanwend tot sy doel.

Maar God sal ook regstreeks sy almag openbaar. Lees maar net wat van die eerste vier basuine beskrywe staan. Telkens word veronderstel of duidelik gesê dat van Bo af ingegryp word in die lewe van die natuur. By die eerste basuin teken Kuyper al dadelik aan: 'Het bloed waarvan hier sprake is, was bloed dat God zelf uit zijn hemel op deze aarde liet afdalen om zijn oordeel over het menselijk leven scherp te doen uitkomen'. Skerper toon hy dit nog aan by die ander drie basuine.

Die strafgerigte kom dus op die aarde om die raad van God te vervul, nie te vroeg nie en nie te laat nie. Dit is ons plig om daarin sy stem te beluister en sy naderende voetstappe te verneem.

## Wees sterk in die Here

Hierdie geloof ten opsigte van die voleinding, wat ons in enkele hoofpunte geskets het, maak ons sterk teenoor die dag van onheil wat aanstaande is. Ons sien dan ook in alles die beskikking van die almagtige Vader.

As dit verkeerd gaan in die *mensewêreld*, as lande bankrot gaan en ander lande dreig om bankrot te gaan en geen mens of konferensies van mense meer raad weet nie, dan bely ons ootmoedig: Dit is ons sonde! En ons bid met Amos: 'Vergeef, Here!'

Maar ook as dit in die *natuurwêreld* verkeerd gaan, aardbewings ons verskrik en lugverskynsels ons verbaas, dan bely ons weer ootmoedig: Dit is ons sonde! En ons bid weer met Amos: 'Vergeef, Here!'

En as God nie meer wil vergewe nie, omdat 'die genade dor gebloei het', dan laat ons alles met stille berusting in sy hande. Hy het vantevore bepaal hoe Hy sy kinders gaan staande hou in en gaan red uit die verskrikkinge wat oor die hele wêreld sal kom.

Nou al bewe die aarde, en die mense is buite hulleself van skrik (soos nou weer in Suid-Amerika); nou al word die lug bo ons geheimsinnig gekleur teen sonsondergang. Wat sal dit nie wees as honderde vulkane tegelyk uitbars nie!

Maar ons hart is vas in die Here. Ons sal nie wankel nie.

# Job se siekte

Dr JM Boon, Pretoria

Ons het verlede keer gesien dat die HERE siekte gebruik in sy plan van verlossing. Hy kan dit ook gebruik as Hy in verbondswraak na sy ongehoorsame kinders toe kom. Is dit die wraak van die HERE wat die oorsaak is van Job se siekte? Word hy gestraf? Nee, dit is inteendeel die omgekeerde. Job word siek en ervaar baie teëspoede vanweë sy regverdigheid.

## Job se siekte

Job word baie ernstig siek. Ons lees dat Job met bose swere getref word, van sy voetsool tot sy skedel - van kop tot tone (Job 2:7). Job se siekte het skielik begin en het daarna 'n lang chroniese verloop. Hy ervaar baie lyding met sy siekte.

Ons lees in die boek Job oor baie simptome wat hy ervaar het. Hy ervaar ook depressie. Sy liggaam is met korste en etter oordek; die siekte veroorsaak 'n aaklige gejeuk en borende pyne. Ons lees dat hy nie meer kan eet as gevolg van die pyn nie. Ja, die boek Job vertel vir ons breedvoerig en baie akkuraat oor al die simptome van sy siekte.

Moontlik was die swere as gevolg van 'n stafilokok bakterie. Die vinnige aankoms van die siekte kan mens ook laat dink aan 'n septisemie, maar dit het gewoonlik 'n dodelike verloop in die era voor antibiotika. Job was verder nie herkenbaar nie. Sy vriende kon hom op 'n afstand nie herken nie (Job 2:12).

Verskeie siektes as gevolg van verskillende voedingsgebreke is ook al genoem as die siekte van Job. Dit sou moontlik die simptome van Job se siekte kon verklaar. Dr Wasserman stel voor dat Job na sy skielike verlies depressie ontwikkel het, armoede en dus 'n voedingsgebrek. Dit het dan aanleiding gegee tot die velletsels.

Ons lees dat Job op die ashoop sit, buite die stad. Miskien kon hy aan 'n soort melaatsheid gely het. Die simptome verbonde aan sy vel is dan ook prominent deur die hele boek Job. Hy het maer geword - ons lees dat sy lede soos 'n skaduwee was.

Hoofstuk 19 vermeld meer spesifieke simptome: Hy het 'n vreemdeling geword in sy eie huis ( vers 15). Sy asem is hinderlik vir sy vrou en sy slegte reuk vir sy broers (17). Hy is net vel en been en al sy tande het hy verloor (20). Maar hy ervaar ook geestelike moeite. Ons lees van sy niere wat versmag in sy binneste (27). Niere in die Ou Testament word dikwels in verband gebring met die gemoed van die mens. Ons lees in hoofstuk 30:30 dat sy vel swart word en afskilfer en dat sy gebeente gloei van hitte.

Die boek Job gee ons dus 'n hele opsomming van die simptomatologie van die siekte van Job.

## Waarom het Job siek geword?

Is dit die wraak van die HERE wat die oorsaak is van sy siekte? Word hy gestraf? Nee, dit is inteendeel die omgekeerde. Job word siek en ervaar baie teëspoede vanweë sy regverdigheid. Ons lees dit in die eerste vers van die boek Job. 'Job was vroom en opreg en godvresend en een wat afgewyk het van die kwaad.'

Van die begin van die boek Job is dit duidelik dat sy siekte nie 'n straf van die HERE op sy sonde is nie. God slaan nie vir Job met siekte nie. Nee, dit is God se vyand wat dit doen. Waarom doen Satan dit?

Satan ken nie die lewe van opregtes in die verbond met die HERE nie. Hy ken nie die verbond van die HERE met sy kinders nie. Satan ken slegs 'n kontrak. Volgens die Satan sou Job God alleen dien omdat hy persoonlike voordeel daaruit trek. Hy sou God nie werklik liefhê nie. Hy sou God slegs dien uit selfsug. Job sou lewe in 'n kontrak met God wat hom bevoordeel.

Satan sou dit bewys deur Job met 'n chroniese siekte te tref. God gee aan Satan die geleentheid om hierdie siening reg te bewys. Na al die rampe waarmee hy Job getref het, kan hy hom nou ook met siekte tref. Satan is daarvan oortuig dat Job nou vir God sal verloën.

Wat sien ons egter? Job breek nie met God nie. Waarom nie? *Want God breek nie met Job nie!* Job hou aan God vas, *omdat God hom vashou.*

Hier sien ons die rykdom van die verbond van die HERE met sy kinders. Satan kan dit nie verstaan nie, daardie diepe liefdesband. 'Ek sal vir jou 'n God wees en jy sal vir my 'n kind wees.' Dit is God se liefde, en deur hierdie liefde kom ook Job se antwoord van liefde: 'Die goeie sou ons van God aanneem, en nie ook die slegte aanneem nie? By dit alles het Job nie gesondig met sy lippe nie' (Job 2:10).

'God is liefde; en hy wat in die liefde bly, bly in God, en God in Hom...Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het' (1 Joh 4:16,19). Die verbond is so ryk omdat God daarmee begin. Hy is getrou. Die Satan kan niks teen hierdie liefdesband doen nie.

Job se vriende vererger nog verder sy lyding met hul godsdienstige gepraat. Die vyand is sterk. Maar uiteindelik oorwin God se liefde.

Die liefdesverbond is 'n genade-verbond. Wat kan die Satan teen genade doen?

Ons kan drie dinge raaksien uit die siekte van Job.

1 Satan kan siekte veroorsaak. Dit gaan egter nie buite die regering van God om nie. Satan het wel kwaad teen Job bedink, maar God het dit ten goede laat meewerk (vgl Gen 50:20).

2 Job bring tweedens niks teen God in as hy siek word nie. Elke moontlike siekte kan hom oorval soos vir alle mense. God bring siekte oor regverdiges en goddelose. 'Die vrome en die goddelose vernietig Hy' (Job 9:22).

   Kan ons as kinders van die HERE God tot verantwoording roep as ons siek word? As God ons met gesondheid seën is dit onverdiende genade. As Hy siekte toelaat, is Hy regverdig. In Adam het ons almal die gesondheid van die paradys verloor.

3 Ons mag leef in die verbond met die HERE. Ook in ons siekte en moeite. Want God wat beloof het, is getrou. Ook in ons siekte lê ons genesing buite onsself vas in die HERE wat ons vashou.

Job bely wat Paulus later bely: 'Wie sal ons skei van die liefde van Christus - verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard? Soos geskrywe is : Om U ontwil word ons die hele dag gedood, ons is gereken as slagskape.

Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het.' (Rom 8:35-37).

Paulus haal hier Psalm 44 aan. Lees gerus hierdie hele psalm. Ook in hierdie psalm worstel die digter met die hand van die HERE in teëspoed en benoudheid. Maar hy mag ook rus vind by die verbondstrou (=goedertierenheid) van die HERE wat hy leer ken het uit die geskiedenis.

Ons mag dit ook bely noudat ons agter die lyding en opstanding van Jesus Christus staan. In ons siekte mag ons ons optrek aan Hom wat ons eerste liefgehad het.

---

**PERSSKOU**

**Ds GJ Meijer,** Wonderboompoort

# AS HEIDEN, JOOD EN MOHAMMEDAAN HANDE VAT ...

In die godsdiensrubriek van *Insig*, Februarie 2000, word dié 'as' bespreek. Enkele dele uit die rubriek word aangehaal.

*Dink aan 'n groot saal. Vul dit met mense. Ken 'n geloof aan elkeen toe: Moslem, Hindoe, Rastafariër, Joods, Sikhisme, Bahaïsme, Agnosties, Brahma Kumaris, Jain, Boeddhisme, Zoroastrisme, Afrika Tradisioneel, Christen, Paganisme ...*

*Verbeel jou die saal is gevul met vreedsaamheid en 'n gevoel van wedersydse aanvaarding. Verbeel jou almal word saam stil, laat sak hul koppe en seën die geleentheid. Is dit moontlik? In dié wêreld?*

*Ja, tóg - die Parlement vir Wêreldgelowe einde verlede jaar in Kaapstad was só 'n geleentheid wat in skrille kontras was met die wrede en gewelddadige geskiedenis van geloofsgroepe wat mekaar verketter en probeer uitroei het. Dit was vir die seweduisend kongresgangers 'n salige, weeklange verkenningstog waar gelowiges (en 'ongelowiges'?) van oor die wêreld met mekaar kon kommunikeer, en waar verskille én ooreenkomste erken en gevier is.*

Die rubiekskryfster jubel oor die 'salige samesyn' van mense met sulke uiteenlopende geloofsstandpunte.

Máár, so gaan sy voort, *die deelname van hekse het teen die einde die gemoedere laat opvlam. 'Hekse is nie meer welkom by toekomstige internasionale godsdienstige byeenkomste nie', het twee van Suid-Afrika se voorste geestelike leiers, hoofrabbi Cyril Harris en die Anglikaanse aartsbiskop Njongonkulu Ndungane, verklaar. Hulle was nie juis ingenome met die groot aantal 'onortdokse' gelowe wat toegelaat is om die parlement by te woon nie. Die aartsbiskop het voorgestel dat kriteria ontwikkel word om te bepaal watter gelowe ingesluit moet word.*

*Op hul beurt het 'n paar plaaslike sangomas aanstoot geneem aan die biskop en die rabbi se strewes tot eksklusiwiteit. Was dit dan nie juis die parlement se doel om alle gelowe te betrek nie?*

*Die groot groep hekse wat al die pad van Chicago gekom het om die parlement by te woon, was meer geaffronteer. 'n Segsman, Rowan Fairgrove, beweer neo-paganisme is die geloof wat die vinnigste ter wêreld groei. Dit verteenwoordig volgens hom die mensdom se poging om terug te keer na 'antieke geestelike praktyke' waarvan baie glo deur hoofstroom gelowe soos die Christendom vertrap is.*

*Rabbi Harris het op 'n nuuskonferensie 'n groep panteïste ontmoet, en dit was vir hom 'n ontstellende ervaring. 'Hulle het vir my gesê: "Vanaand, rabbi, is dit volmaan – dan dans ons rondom die maan".' Hy meen die hekse en paganiste gebruik net die parlement vir publisiteit en trek die aandag af van die samekoms se eintlike doel.*

Hieruit word dit reeds duidelik dat die samesyn van mense met verskillende geloofsoortuigings toe nie heeltemal so 'salig' was soos aanvanklik gehoop is nie. Die gedagte word geopper dat kriteria vasgestel moet word aan die hand waarvan gelowe wel al dan nie toegelaat gaan word om deel te neem aan soortgelyke parlementêre byeenkomste wat vir die toekoms beplan word. Aan die hand waarvan gaan daardie kriteria vasgestel word? En hoe gaan dit toegepas word?

In aansluiting hierby verwys die rubriekskryfster na Leigh Meinert, koördineerder van die Nex Generation-verrigtinge wat 'n integrale deel van die parlement was. Hy sê: *dit is buite die kwessie dat vereistes vir deelname gestel sal word. Die doel van die parlement is juis om inklusief te wees. 'Parlement' is afgelei van die Franse woord parle wat 'praat' beteken. Dit gee aan gelowe 'n stem wat hulle andersins nie sou gehad het nie. Die verskillende godsdienste het verskillende geestelike inhoude en die doel van die parlement is nie om te sê alle gelowe is een nie. Dis eerder om die afhanklikheid van mekaar te besef en 'n manier te vind om die een ding wat almal saambind, naamlik om vrede in die wêreld te hê, te bereik. Hoe meer mense vir vrede werk, hoe sterker is ons poging.*

> *Die geloof in 'n god buite die Here is 'n afgodsgeloof*

Hier lê die kern van die saak. Die doel van die parlement is 'n soeke na vrede. Watter vrede? Medemenslike vrede. Vrede tussen Jood en Moslem en Rastafariër en Christen. Is so 'n vrede moontlik? Christus leer ons: Ek is dié weg, dié waarheid en dié lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie (Johanns 14:6). En elders: Ek het gekom om vuur op die aarde te werp ... Dink julle Ek het gekom om vrede op die aarde te gee? Nee, sê Ek vir julle, maar eerder verdeeldheid (Lukas 12:49-53). Watter verdeeldheid? Die verdeeldheid tussen vrouesaad en slangesaad, wat reeds vanaf Genesis 3:15 deur God daargestel is. Die verdeeldheid wat ook in die eerste gebod van die wet na vore kom. Die Here onse God is die enigste God. Alle ander gode is menslike versinsels, afgode. Die geloof in 'n god buite die Here is 'n afgodsgeloof. Sulke 'gelowe' kán nie met die ware geloof op een lyn geplaas word en daarmee versoen raak nie.

'n Parlement van wêreldgodsdienste, waar al wat godsdiens is geakkomodeer word? Onmoontlik, sê die HERE Here. Onmoontlik, moet ons in gelowige navolging van ons Here sê.

# MOSLEMS EN HEIDENE GAAN MEKAAR OPDREUN IN NOORWEË

Hierbo is die versugting uitgespreek dat selfs die ongelowige kan hande vat met al wat homself gelowig noem. Maar wat as die heiden nié wil hande vat met die Christen en die Mohammedaan nie? In *Beeld* van 30 Maart 2000 verskyn die volgende berig:

*Oslo. – Die gelui van kerkklokke en die Moslem-dreunsang 'God is die grootste' (Allah Akhbar) is nie meer die enigste klanke wat hier in die strate gaan opklink nie. Die stadsraad het amptelik toestemming gegee aan die Noorse Vereniging van heidene om hul boodskap 'God bestaan nie' uit te basuin oor 'n luidsprekerstelsel bo-op 'n gebou naby 'n moskee en twee kerke.'*

*Dit kom nadat die stadsraad in Januarie besluit het om Moslempriesters toe te laat om vyf keer per dag 'n gebedsoproep saam met die woorde 'God is die grootste' in Oslo uit te saai.*

*Die Noorse Vereniging vir Heidene mag nou hul boodskap Vrydae drie minute lank uitbasuin. Hulle beplan om toesprake uit te saai waarin wêreldsheid aangemoedig word.*

*Die vereniging is in 1974 gestig en het driehonderd lede landwyd. 'Ons is nie gekant teen godsdiensvryheid nie. Maar 'n mens moet vry van alle godsdienste kan wees,' het mnr. Harald Fagerhus, sekretaris van die vereniging, gesê.*

Wat sal die organiseerders van die volgende Parlement vir wêreldgodsdienste hiervan sê? Sal heidene ook welkom wees? Is heidendom per slot van sake nie ook 'n vorm van 'geloof' nie? As hekse en sangomas nie uitgesluit kan word nie, dan seker ook nie selfverklaarde heidene, wat reeds soveel 'regte' in 'n stad soos Oslo geniet nie. Die optrek van kriteria vir toelating tot die parlement gaan beslis nie maklik wees nie.

'Die Konings van die aarde staan gereed, en die vorste hou saam raad teen die HERE en teen sy Gesalfde en sê: Laat ons hulle bande stukkend ruk en hulle toue van ons afwerp' (Psalm 2:2,3). Laat ons die vyandskap wat God stel, oorbrug deur 'n vredesparlement in die lewe te roep, waar alles en almal geakkomodeer kan word.

# GEEN BEHOEFTE?

'Hy wat in die hemel woon, lag; die Here spot met hulle' (Psalm 2:4). Ons hoor en sien sy spotstem in die geskarrel van die 'parlementariërs'.

Maar ons is ook diep bewus van sy verbondsoordeel wat besig is om voltrek te word: 'Kus die Seun, dat Hy nie toornig word en julle op die weg vergaan nie; want gou kan sy toorn ontvlam' (Psalm 2:12).

Ds FJ Bijzet skryf in *Nader Bekeken* van 2 Februarie 2000 (vertaald weergegee):

*Tydens 'n predikante-byeenkoms enkele jare gelede het die gesprek gegaan oor die tweede erediens op Sondae. 'n Teologiese professor het die afskaffing van die tweede erediens bepleit. Een van sy hoofargumente was dat die tweede erediens in die tyd van die Reformasie ingevoer is, om die onkundige kerkvolk kundigheid by te bring. Vandaar 'n erediens in die middag, 'n leerdiens met gebruikmaking van die Heidelbergse Kategismus. Maar, redeneer die professor, vandag kan 'n mens tog nie meer praat van onkunde by die gemiddelde kerkvolk nie? Die hedendaagse mens weet heelwat van die Bybel. Dit is dan ook volgens hom die rede hoekom talle lidmate nie tydens die tweede erdiens na die kerk toe kom nie. Die mense het die oggend genoeg ontvang. Hulle het geen behoefte aan nog meer nie. En 'n mens moet die kerkvolk ook nie te veel kos gee nie.*

*Dit het gelyk asof die argument sou slaag. In die bespreking het daar aanvanklik geen teenstem opgeklink nie. Maar toe staan 'n predikant op wat vertel: In ons gemeente het ons 'n groot aksie geloods om nuwe lewe in Bybelstudiewerk te blaas. Gelukkig met gedeelde suksesse. Ons het verskillende mense sover gekry om weer saam besig te raak met die bestudering van God se Woord. Die vreemde is, dat juis die mense wat entoesiasties raak oor die Bybelstudie, nou ook weer na die middag-erediens toe kom. Hulle het blykbaar behoefte om al meer en meer van God se Woord te hoor. As 'n mens die verhaal van die professor koop, sou dit nie waar kon wees nie. Dan moes daardie ywerige Bybelstudente juis nie na die middag-eredienste toe kom nie.*

*Die professor het hierop geen antwoord gehad nie.*

Ds Bijzet skryf verder soos volg:

*Die gebeure het my laat dink aan daardie woord van die Here Jesus, nadat Hy die gelykenis van die Saaier vertel het. Toe het die Here Jesus aangedring op die intensiewe luister na die evangelie: 'Pas op wat julle hoor; met die maat waarmee julle meet, sal vir julle gemeet word' (Markus 4:24). Christus praat hier van 'n inhoudsmaat, soos wat vrouens in 'n kombuis gebruik. In Israel het die mense verskillende groottes inhoudsmate gebruik. Nou gebruik die Here Jesus hierdie beeld: as 'n mens met 'n klein maatbekertjie na Hom luister, dan is jou bekertjie gou-gou vol. Maar hoe groter die inhoudsmaat, des te meer neem jy in. Des te ryker en sterker word jy in die geloof.*

Ds Bijzet pas die beeld soos volg toe:

*Die instelling waarmee jy na die erediens gaan, is mede bepalend vir wat jy daaruit saamvat. Wie met groot verwagting kom luister na dit wat die Here ons elke Sondag laat verkondig, vat baie saam huis-toe. Maar wie al by voorbaat met teësin, of met 'n kritiesie houding gaan om na die verkondigde Woord te luister, moet nie verbaas wees dat hy of sy maar min saamvat huis-toe nie.*

*En dan sien 'n mens verder dat hulle wat baie uit die eredienste saamvat in hulle alledaagse lewe, ook steeds meer behoefte kry om nóg meer te ontvang. Andersom bemerk 'n mens dat hulle wat so te sê leeg uit die kerk gekom het, steeds leër en leër uit die kerk kom. Hoekom? Omdat hulle vanweë hulle verkeerde instelling 'n klein inhoudsmaat saamgebring het. Hulle verwagting word met verloop van tyd al minder. Is dit nie waarop die Here Jesus se waarskuwing in Markus 4:25 neerkom nie: 'Want wie het, vir hom sal gegee word; en wie nie het nie, van hom sal weggeneem word ook wat hy het'?*

Tot sover ds Bijzet. Wat hy geskryf het, is besonder van toepassing op die kerke in Suid-Afrika. Trouens, die argumente wat die professor besig, is argumente wat hier al snuif getrap is. Bywoning van eredienste in die laatmiddag of aand is deurgaans

skraal. Wat het menige kerkraad gedoen om dié probleem die hoof te bied? Die aanddiens verskuif na die oggend toe. Twee borde geestelike voedsel direk na mekaar, dikwels met katksiasie tussen-in. Het dit die gewenste resultate? In weinig gevalle, indien enige. Die tweede oggend-erediens word net so power bygewoon as die aanddiens. Volgende plan: Voeg twee eredienste in een. Maar, dominee, hou rekening met die bevatlikheid van die gemeente. Moenie te lank preek nie. Gevolg: die leerprediking neem af. Die gereformeerde basis word nie gelê en in stand gehou nie. Die waarskuwing van ons Here Jesus Christus is benouend: 'Wie nie het nie, van hom sal weggeneem word ook wat hy het'. Is dit nie besig om te gebeur nie?

Massale terugkeer na ryk, lewende Woordverkondiging in twee volwaardige eredienste is gebiedend noodsaaklik. Laat die inhoudsmate van die kerkvolk groter word deur prediking, katkisasie en diepgaande Woordstudie.

# STUDIE-BYEENKOMS

Hiermee word u hartlik uitgenooi na 'n studie-byeenkoms soos gereël deur die redaksie van *Waarheid en Dwaling.*

| | |
|---|---|
| Datum: | 3 Junie 2000 |
| Tyd: | 09:00-12:00 |
| Plek: | Pastorie,<br>Gereformeerde Kerk Oos-Moot<br>32e Laan 717, Villieria, Pretoria. |
| Kontakpersoon: | Ds Gerard Meijer, tel. 012 546 4915 |

Tydens die byeenkoms gaan bespreking gevoer word oor:

- Kerk en koninkryk: die gelowige in aksie!
- Terugvoer van studiegroepe.
- Elektroniese verspreiding van *Waarheid en Dwaling.*
- Daarstel van 'n stigting.
- 'n Nuwe naam vir die blad.

Met die oog op die tref van die nodige reëlings sal dit waardeer word as u u teenwoordigheid met die kontakpersoon kan bevestig.